SUNRIDGE VANDAG

CONJUNCTI CRESCIMUS

SUNRIDGE TODAY

**30 July 2021**

Dear Parents

**SNAP NEWS**

With the full return to school we need to work together to ensure we can uphold safety and discipline. We kindly ask that all Covid-19 related information must be sent to info@sunridge.co.za - please inform the class teacher of any normal illness or absenteeism. Please do this timeously to allow us to manage efficiently.

Any person in direct contact with a positive Covid-19 person should isolate and monitor for 10 days.

We will closely monitor all relevant information on a daily basis to ensure we act responsibly and in the safety of all.

We anticipate that a few changes might still be made to regulations and that pressure will be applied for the return of extra mural activities. This will not be entertained and we will first focus on the successful return to a full academic programme as our primary priority.

Reports will be handed to all learners on Friday, 6 August 2021. We have followed the same process of quality control and a comparison was made between pre-Covid years and Covid times. We can report that our standard has not dropped and that our learners' performance in the test and assessment series matches previous years and in a few cases has even improved. The standard of question papers was also compared and it again reflects a standard consistency and improved quality.

The biggest issue was with consolidation but with the support we received from parents at home it was minimized and corrected . This will, however, not stop us from applying remedial assistance.

We cannot control the behaviour of drivers nor do we have authority over their actions. If our drop off procedures are adhered to, we should easily get all learners into school. The picking up of learners and keeping others in mind while considering different options, will be a challenge. The current gates must be used but please try and spend as little time and distance as possible around the school.

It will be a great help if those who arrive long before pick up time could kindly park in the side streets as far from the school as possible and walk and collect their children. This will take the pressure off and allow parents with a tight time frame to use the pickup drive through first . Again not in our control but something which will surely define our community and our integrity.

Compassion is a reality we need to live with, now is the time to embrace this value and to support those who need it the most. Discipline will be of vital importance for the learners and following and keeping to rules will support teachers and our full return.

We are 491 days into this pandemic and issues from the past need to be left in the past. Children have changed and developed - we must move on and allow time to show us the way forward while we serve education.

The staff are united, prepared and focused to service your child under these challenges - please work with them.

***"Leave aside your regrets of the past and anxieties of the future and focus intelligently on the present. This is the best way of ensuring a positive future." - Swami Chinmayananda***

Sunshine greetings
M DE VRIES
Principal

RABIE TRUST

TAVCOR SUZUKI

SUNRIDGE VANDAG

SUNRIDGE TODAY

CONJUNCTI CRESCIMUS

**30 Julie 2021**

Geagte Ouers

**KITSNUUS**

In die lig van die volle terugkeer het ons almal se samewerking nodig om te verseker dat veiligheid en dissipline nie in die slag bly nie. Ons rig 'n vriendelike versoek dat alle Covid-19-inligting na info@sunridge.co.za gestuur word, terwyl alle ander gewone siektes en afwesighede by die klasonderwyser aangemeld moet word. Doen dit asseblief so gou as moontlik sodat ons die situasie doeltreffend kan bestuur.

Enigiemand wat in direkte kontak met 'n positiewe Covid-19-persoon was, moet vir 10 dae isoleer en monitor.

Ons sal alle inligting op 'n daaglikse basis onder die vergrootglas plaas om te verseker dat ons verantwoordelik optree en almal se veiligheid waarborg.

Ons verwag dat die reëls weer sal verander en dat daar druk toegepas sal word om buitemuurse bedrywighede te hervat. Ons sal dit nie oorweeg nie, want die suksesvolle terugbring van die volle akademiese program sal al ons aandag in beslag neem.
Rapporte word op Vrydag 6 Augustus 2021 aan alle leerlinge oorhandig. Ons het dieselfde proses van gehaltebeheer gevolg en 'n vergelyking is tussen die pre-Covid-jare en Covid-tye getref. Ons kan rapporteer dat ons standaard nooit verlaag is nie en dat ons leerlinge se prestasies in die toets- en assesseringsreeks dié van vorige jare geëwenaar en in sommige gevalle selfs oortref het. Die standaard van vraestelle is ook vergelyk en dit het weereens konsekwent gebly, terwyl die gehalte verbeter het.

Die grootste probleem was met konsolidasie, maar met behulp van die ouers by die huis is dit tot die minimum beperk en reg-gestel. Dit sal ons egter nie daarvan weerhou om remediërende hulp aan te bied nie.

Ons kan die gedrag van motoriste nie beheer nie en kan ook nie vir hulle voorskryf hoe om op te tree nie. Indien ons aflaaiprosedures gevolg word, behoort dit kinderspeletjies te wees om alle leerlinge by die skool te besorg. Die afhaal van kinders met inagneming van ander ouers terwyl verskillende opsies oorweeg word, sal wel 'n uitdaging wees. Die huidige hekke moet gebruik word, maar ouers moet probeer om so min as moontlik tyd en afstand rondom die skool te spandeer. Indien daar ouers is wat lank voor die tyd by die skool opdaag, sal dit baie help as hulle so ver moontlik van die skool in systrate kan par-keer, nader stap en hul kinders kom haal. Dit sal die druk verlig op ander ouers onder 'n gebrek aan tyd gebuk gaan. Dit is weereens buite ons beheer, maar beslis iets wat ons gemeenskap sal baat en 'n bewys van integriteit.

Deernis is nou van die uiterste belang en dit is nou die tyd om diegene wat ondersteuning nodig het, by te staan.
In die lig van die volle terugkeer is dissipline nou uiters belangrik. Leerlinge moet die reëls eerbiedig om die onderwysers te ondersteun. Ons het nou 491 dae van die pandemie saam getrotseer, kom ons los die ou koeie in die sloot. Kinders verander en ontwikkel, ons moet die pad vorentoe stap terwyl ons die onderwys dien.

Die personeel is verenig, voorbereid en daarop gefokus om u kind te midde van hierdie uitdagings te dien – werk asseblief saam met hulle.

***"Leave aside your regrets of the past and anxieties of the future and focus intelligently on the present. This is the best way of ensuring a positive future." - Swami Chinmayananda***

Sonskyngroete
M DE VRIES
Skoolhoof

Follow us on facebook




MasterCard VISA